higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

28 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

'n Nieprogrammeerbare rekenaar kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye, 1 bylae en 3 antwoordblaaie.

NSC

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord AFDELING A en VRAAG 3.4 van AFDELING C op die ANTWOORDBLAAIE (aangeheg). Skryf jou EKSAMEN- EN SENTRUM-NOMMERS in die spasies wat daarvoor verskaf word.
3. Gebruik geskikte rekeningkundesagteware vir AFDELING B en AFDELING C.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Gebruik die tabel hier onder om jou 'n aanduiding te gee van hoeveel tyd jy moet bestee om elke vraag te beantwoord.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDGIDS
AFDELING A			
1	Kort, teoretiese vrae	20	18 minute
AFDELING B			
2	Praktiese vraag oor rekeningkundesagteware	120	1 uur 48 minute
AFDELING C			
3	Praktiese vraag oor rekeningkundesagteware en kort, teoretiese vrae	60	54 minute
	TOTAAL	200	3 uur

Kopiereg voorbehou

BEANTWOORD AFDELING A OP DIE AANTWOORDBLAAIE (AANGEHEG).

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Noem die toepaslike joernaal of dokument waarop die volgende transaksies aangeteken sal word wanneer hulle op rekeningkundesagteware vasgelê of geprosesseer/verwerk word. Skryf slegs die naam van die joernaal of dokument langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) neer op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

1.1.1 Aanvaardingswaarde ('take on balances') op saldo's van voorraadhoeveelhede

1.1.2 Direkte deposito van 'n kliënt soos aangedui op die bankstaat

1.1.3 Seëls van R7.90 kontant aangekoop

1.1.4 Kredietopgawes ('credit returns') deur kliënte

1.1.5 Afsluiting van 'n verskaffer se rekening

1.1.6 Kredietopgawes aan verskaffers

1.1.7 Berekening en inskrywing van waardevermindering

1.1.8 Kontantverkope van inventaris

1.1.9 Aanvaardingsaldo ('Take on balance') van individuele verskaffers

1.1.10 Belastingfaktuur ontvang vir aankoopinventaris op krediet

(10 × 1) (10)

1.2 'n Onervare boekhouder het die aanvaardingsaldo's vir die kliënte in die kliëntejoernaal op 1 Januarie 2016 vasgelê/aangeteken ('captured'). Daar is egter 'n paar foute begaan.

Vergelyk die kliënte se verouderingsontleding en die kliëntejoernaal hier onder en noem VYF foute wat die boekhouder begaan het.

Kliënte se verouderingsontleding – Desember 2015

	60 dae	30 dae	Huidig ('Current')	Totaal
JFM	5 000.00	1 200.00	7 800.00	14 000.00
TOTAAL	5 000.00	1 200.00	7 800.00	14 000.00

Kliëntejoernaal – Januarie 2016

Tydperk	Datum	Rekening		Verwysing	Beskrywing	Belasting	Eksklusief	Inklusief	Kontra
1	01/01/16	C001	-JFM	CJNL 1201	Aanvaarding-saldo	01	12 280.70	14 000.00	0000/000

(5)

1.3 Geen kosprys is toegeken aan 'n diensitem toe die inventarisitems geskep is nie.

Gee EEN rede hiervoor. (2)

1.4 In die loop van 'n maand reik 'n onderneming tjeks vir verskillende kontantbetalings uit. Aan die einde van die maand is dit egter moontlik dat nie al die tjeks wat in die kontantbetalingsjoernaal aangeteken is op die bankstaat weerspieël word nie.

Gee EEN rede hiervoor. (2)

1.5 Word enige BTW gehef ('charged') wanneer die eienaar van 'n onderneming voorraad vir sy/haar eie gebruik neem? (1)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

INSTRUKSIES

1. Maak die rekeningstelsel van Blend (BLEND) oop wat reeds op jou rekenaar gelaai is.

2. Kies OPSTELLING ('SETUP').

3. Kies MAATSKAPPYPARAMETERS ('COMPANY PARAMETERS').

4. Kies MAATSKAPPYDETAIL ('COMPANY DETAIL'), kies die maatskappynaamgedeelte en klik op 'Opvoedkundige Nommer ('Educational Number').

5. Druk CTRL+SHIFT+T en tik jou EKSAMENNOMMER in die blok wat verskyn.

Nadat onderhoude gevoer is vir die pos van rekenmeester by Blend, skakel die eienaar, mev Galada, jou en lig jou in dat jy die suksesvolle kandidaat is.

'n Deel van jou posbeskrywing is om al die transaksies op die rekeningkundesagteware vanaf Februarie 2016 (Tydperk 2) te prosesseer/verwerk.

Kopiereg voorbehou

Die volgende opstelling is **REEDS GESKEP** in Blend se boeke:

(a) INSKRYWINGSTIPES

NOMMER	INSKRYWINGSTIPE
01	Kontantontvangstejoernaal
02	Kontantbetalingsjoernaal
03	Algemene joernaal
04	Kliëntejoernaal
05	Verskaffersjoernaal
06	Kliëntekortingsjoernaal ('Customers' allowances journal')
07	Kliëntekortingsjoernaal ('Customers' allowances journal')
08	Kkleinkasontvangstejoernaal
09	Kleinkasbetalingsjoernaal
10	Slegteskuldjoernaal
11	Belastinggehef-joernaal
12	Voorraadjoernaal

(b) TYDPERKE

Blend se finansiële jaar strek van 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016.

(c) BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

BTW word vasgelê ooreenkomstig die faktuurgrondslag. Raadpleeg die aangehegte AANHANGSEL oor die toepasbaarheid van BTW.

(d) KLIËNTE

KLIËNTKODE	KLIËNT	SALDO OP 01/02/16
C001	The Ramp	R3 200.00
C002	Skate Hub	R5 300.00
C003	Insane Ride	R1 200.00
CZ99	Kontantverkope	R0.00

(e) VERSKAFFERS

VERSKAFFER-KODE	VERSKAFFER	SALDO OP 01/02/2016
S001	Cruise Control	R18 300.00
S002	S.I.C.	R12 870.00
S003	Peak	R16 290.00

Kopiereg voorbehou

(f) INVENTARIS

Inventarisprys word verhoog teen 110% op die kosprys.

INVENTARISKODE	INVENTARISITEM
BE01	Klink ('Trip) 5"-laers
BE02	Klink ('Trip) 7"-laers
CO1	Starblaze 7.8 volledig
CO02	The Bomb 7.9 volledig
CR01	Blast 31.5 'cruiser;
CR02	Star 8.5 'cruiser'
DE01	'Chill' 7.75 'deck'
DE02	'Alien' 8.0 'deck'
GT01	Klemband ('Grip tape')
TR01	Spoedtrokkominasie ('Speed truck combo')
TR02	Spoedstandaardtrok ('Speed standard truck')

(g) BEPALINGSKODES

- 6%-korting binne 30 dae vanaf datum van faktuur
- 3%-korting binne 30 dae vanaf laaste dag van die tydperk

(h) AANVAARDINGSALDO'S

ALLE aanvaardingsaldo's is reeds geprosesseer/verwerk.

GEVRA

- Gebruik die brondokumente en –inligting wat hier onder verskaf word om die transaksies in die toepaslike joernale of dokumente in Tydperk 2 (Februarie 2016) in die boeke van Blend aan te teken.
- As daar GEEN rekening is om 'n transaksie aan te teken nie, moet so 'n rekening geskep word. Gaan voort en gebruik die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek wat opgestel is.
- Druk al die dokumente na prosessering/verwerking. Kies 'print with contras' wanneer joernale gedruk word.
- Werk die dokumente en joernale by.
- Sien bladsy 14 vir die volledige lys drukstukke wat vir nasien ingedien moet word. Dien die drukstukke in dieselfde volgorde as op bladsy 14 in. VYF punte sal afgetrek word indien drukstukke nie ingedien word in dieselfde volgorde as wat op die vraestel aangedui word nie.

Kopiereg voorbehou

KREDIETAANKOPE VAN INVENTARIS

The Edge

Belastingfaktuur: Nr ED656

BTW REGNR: 4163529961

Aan :	Blend Da Gama-weg 31 Jeffreysbaai 6330	***Bepalings:***	*5% handelskorting* *3% korting binne 30 dae*

Beskrywing	***Eenheid-prys***	***Aantal***	***Totaal***
Klemband ('Grip tape')	50	22.22	1 111.00
Trip 7"-laers ('bearings')	5	119.05	595.25
Alien 8.0-dek ('deck')	4	309.52	1 238.08
		Subtotaal	2 944.33
		Korting	147.21
			2 797.12
		14% BTW	391.60

- Gebruik kode S004 en skep die nuwe verskaffer, The Edge. Hul adres is:
  Arbourweg 63
  Durban
  4126

Peak

Umhlanga Rocks-Rylaan
317
Umhlanga Rocks
4319

☎ 031 570 7000

Datum: 11/02/16

Aan: **Blend,** Da Gama-weg 31, Jeffreysbaai, 6330

BELASTING-FAKTUUR

Nr: INV652

BTW: 4118456133

Bepalings:

6% binne 30 dae

Hvh ('Qty')	***Beskrywing***	***Prys***		***Bedrag***	
		R	***C***	***R***	***C***
10	Captain 42" langbranderplank	952	38	9 523	80
15	Skeleton 36" langbranderplank	761	90	11 428	50
		Subtotaal		20 952	30
		5% afslag		1 047	61
				19 904	69
		14% BTW		2 786	66
		TOTAAL		22 691	35

- Mev Galada het besluit om langbranderplanke aan te hou.

  Skep bogenoemde inventarisitems met die volgende inligting:
  Kode: LB01 Item: Captain 42" langbranderplang LB02 Item: Skeleton 36" langbranderplank

Kopiereg voorbehou

BELASTINGFAKTUUR

SIC441

S.I.C

Maraisburgweg 31, Midrand, 1662

BTW: 4420106777
Tel: 011 474 8824


19/02/2016

Aan: Blend
Da Gama-weg 31
Jeffreysbaai
6330

Beskrywing	Hvh	Prys	Bedrag
The Bomb 7.9 volledig	10	420.00	4 200.00
Speed standard truck	15	130.00	1 950.00
Starblaze 7.8 volledig	2	380.95	761.90
		Subtotaal	6 911.90
Bepalings:		14% BTW	967.67
6% binne 30 dae		TOTAAL	7 879.57

Kopiereg voorbehou

Cruise Control



Hoofweg 88, Seepunt, 8005
021 430 5800

Belastingfaktuur

CC313
BTW: 4081841801

23/02/16

Aan: Blend
Da Gama-weg 31, Jeffreysbaai, 6330

Aan-tal	Beskrywing	Prys		Bedrag	
20	Trip 5" bearings	80	95	1 619	00
5	Chill 7.75 deck	285	71	1 428	55
5	Starblaze 7.8 volledig	350	00	1 750	00
		Subtotaal		**4 797**	**55**
		10% Korting		479	75
		14% BTW		604	49
		TOTAAL		**4 922**	**29**

KREDIETOPGAWES VAN INVENTARIS DEUR BLEND

DATUM	VERSKAFFER	BESONDERHEDE
22/02/16	S.I.C.	2 × Speed standard truck Nie volgens bestelling
28/02/16	Cruise Control	1 × Chill 7.75 deck Rede: Verkeerde dek ('deck') Rede: Gebreekte spoor ('track')

Kopiereg voorbehou

KREDIET- EN KONTANTVERKOPE

- CZ99 is die kontantverkoperekening wat vir kontantverkopetransaksies gebruik word.
- Voeg die name van alle kontantkliënte in op die dokument wat geskep is om die kontantverkope aan te teken.
- ALLE kontantkliënte ontvang 'n kontantafslag van 5%.

DATUM	KLIËNT	ITEM AANGEKOOP	VOORWAARDES:
07/02/16	**Kontantverkope: All for Sports**	5 × Captain 42" langbranderplank 2 × 'Chill' 7.75 dek ('deck') 15 × Klemband ('Grip tape')	
12/02/16	**Insane Ride**	10 × Spoedtrokkominasie ('Speed truck combo') 5 × Star 8.5 'cruiser'	3% afslag binne 60 dae
14/02/16	**Kontantverkoop: Jersey Girl**	2 × The Bomb 7.9 volledig 3 × Skeleton 36" langbranderplank	
26/02/16	Nuwe kliënt (C004): **Cheapskates** Bullionboulevard 90 Richardsbaai 3901	5 × Klink ('Trip') 5"-laers 3 × Blast 31.5 'cruiser' 15 × Klemband ('Grip tape')	7% handelskorting 3% afslag binne 60 dae

KREDIETOPGAWES VAN INVENTARIS DEUR BLEND

DATUM	KLIËNT	BESONDERHEDE
29/02/16	Cheapskates	2 × Klemband ('Grip tape') Rede: Geskeurde band

KONTANTREGISTERROLLE

07/02/16
CRR: 07/02 R12 925,61

14/02/16
CRR: 14/02 R7 147,80

KONTANTKWITANSIES

Blend	Faktuur	Nr: 161
Kontant ontvang van:	*Frameee*	*01/02/16*
Vir betaling van:	*Februarie-huur*	*R4 870.00*
Bedrag:	*Vier duisend agt honderd en sewentig rand alleen*	
Ontvang deur:	*R Skepe*	

Blend	Faktuur	Nr: 162
Kontant ontvang van:	*Mev Galada*	*15/02/16*
Vir betaling van:	*Kapitaalbydraes*	*R25 000.00*
Bedrag:	*Vyf en twintig duisend rand alleen*	
Ontvang deur:	*R Skepe*	

Blend	Faktuur	Nr: 163
Kontant ontvang van:	*Insane Ride*	*20/02/16*
Vir betaling van:	*Vereffening van kredietverkoop op 12/02/16*	*R?*
Bedrag:	*?*	
Ontvang deur:	*R Skepe*	

OPSOMMING VAN KONTANTDEPOSITOBESONDERHEDE

DATUM	DEPOSITOSTROKIENOMMER
01/02/16	DEP61
07/02/16	DEP62
15/02/16	DEP63
20/02/16	DEP64

Kopiereg voorbehou

KONTANTBETALINGS

Nr:	*168*
Datum:	*01/02/16*
Aan:	*Pen and Inc*
Bedrag:	*R1 230.00*
Vir:	**Penne en lêers*

Nr:	*169*
Datum:	*01/02/16*
Aan:	*S.I.C.*
Bedrag:	*R12 700.00*
Vir:	*Vereffening van openingsaldo*

Nr:	*170*
Datum:	*05/02/16*
Aan:	*Daily News*
Bedrag:	*R2 100.00*
Vir:	*A5-kleuradvertensie*

Nr:	*171*
Datum:	*11/02/16*
Aan:	*Kontant*
Bedrag:	*R4 880.00*
Vir:	*Lone*

Nr:	*172*
Datum:	*16/02/16*
Aan:	*Spoedreëlaer ('Cruise Control')*
Bedrag:	*R2 300.00*
Vir:	*Betaling op rekening*

Nr:	*173*
Datum:	*22/02/16*
Aan:	*S.I.C.*
Bedrag:	***R?***
Vir:	*Vereffening van faktuur SIC441*

Nr:	*174*
Datum:	*26/02/16*
Aan:	*The Computer Man*
Bedrag:	*R11 200.00*
Vir:	*Skootrekenaar*

** Skep 'n rekening vir skryfbehoeftes*

KLEINKAS

Blend

Kleinkasbewys

Nr: PCV44

Kontant ontvang van:	*Mr Fix*	*15/02/16*
Vir betaling van:	*Herstel van stukkende drukker en die drukker van die eienaar se seun (R200,00)*	*R3 200.00*
Bedrag:	*R3 200.00*	
Ontvang deur:	*R Skepe*	

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE DRUKSTUK GEVRA

- Mev Galada benodig 'n algemene hoofgrootboekinskrywing ('general ledger master') slegs vir uitgawes.

DRUKSTUKKE WAT INGEDIEN MOET WORD OM NAGESIEN TE WORD (in die volgende volgorder):

2.1	Verskafferfakture	(41)
2.2	Opgawe- ('Return') en debietbewyse	(15)
2.3	Belastingfakture	(27)
2.4	Kredietbewyse	(6)
2.5	Kontantontvangstejoernaal	(10)
2.6	Kontantbetalingsjoernaal	(14)
2.7	Kleinkasjoernaal	(4)
2.8	Algemene hoofgrootboekinskrywing slegs vir UITGAWES	(3)
		[120]

TOTAAL AFDELING B: 120

NCV

AFDELING C

VRAAG 3

INSTRUKSIES

1. Maak die stel rekeninge vir Urban (URBAN) oop wat reeds op jou rekenaar gelaai is.

2. Kies OPSTEL ('SETUP').

3. Kies MAATSKAPPYPARAMTERS ('COMPANY PARAMETERS').

4. Kies MAATSKAPPYBESONDERHEDE ('COMPANY DETAIL'), kies die maatskappynaamgedeelte en klik op 'Opvoedkundige Nommer ('Educational Number').

5. Druk CTRL+SHIFT+T en voeg jou EKSAMENNOMMER by in die blok wat verskyn.

- Gebruik die inligting wat hier onder verskaf word om die rekonsiliasieproses en die maandeinde-aanpassings vir Desember 2015, Tydperk 12, in die boeke van Urban te voltooi.
- As daar GEEN rekening is om 'n transaksie aan te teken nie, moet so 'n rekening geskep word. Gaan voort en gebruik die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek wat opgestel is.
- Druk al die dokumente na prosessering/verwerking. Kies 'print with contras' wanneer joernale gedruk word.
- Werk die joernale by.
- Sien bladsy 17 vir die volledige lys drukstukke wat vir nasien ingedien moet word. Dien die drukstukke in dieselfde volgorde as op bladsy 17 in. VYF punte sal afgetrek word indien drukstukke nie ingedien word in dieselfde volgorde as wat op die vraestel aangedui word nie.

3.1 Voltooi die bankrekonsiliasieproses deur die volgende stappe te volg:

3.1.1 Voltooi en druk (na die bankrekonsiliasie) die kontantontvangstejoernaal met die bykomende inskrywings. (8)

3.1.2 Voltooi en druk (na die bankrekonsiliasie) die kontantontvangste-joernaal met die bykomende inskrywings. (15)

3.1.3 Volg die rekonsiliasieproses en druk die bankrekonsiliasiestaat. (10)

Kopiereg voorbehou

Bankstaat

Staatnr: 91

Globe Bank

Urban
Heatherdaleweg 42
Bloemfontein
9301

Datum: 31 Desember 2015

Tjekrekening 4791338462

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET(-)	KREDIET(+)	SALDO
01/12/15	Saldo oorgebring			95 844.97
09/12/15	Deposito DDS45		126 804.00	222 648.97
09/12/15	Kontanthanteringsfooi	24.50		222 624.47
10/12/15	Tjek 306	8 900.00		213 724.47
10/12/15	Deposito DDS46		1 200.00	214 924.47
15/12/15	Tjek 303	4 200.00		210 724.47
15/12/15	Deposito DDS47		11 400.00	222 124.47
15/12/15	Kontanthanteringsfooi	31.20		222 093.27
17/12/15	Tjek 308	13 900.00		208 193.27
17/12/15	Maandelikse adminfooi	110.00		208 083.27
25/12/15	EFO32	11 300.00		196 783.27
22/12/15	Deposito DDS48		8 400.00	205 183.27
28/12/15	Tjek 312	11 200.00		193 983.27
30/12/15	RENTE		210.00	194 193.27
30/12/15	Tjek 313	16 980.00		177 213.27
30/12/15	DDEP65		4 200.00	181 413.27
30/12/15	Tjek 309	2 200.00		179 213.27

- Skep 'n rekening vir bankkoste.
- Identifiseer al die bankkoste en teken hulle aan.
- Op 25/12/15 is 'n elektroniese betaling gemaak aan JP Prokureurs vir 'n kontrak wat opgestel is. By hierdie betaling is 'n bedrag van R8 000.00 ingesluit vir die eienaar se persoonlike rekening by JP Prokureurs.
- Skep 'n rekening vir rente op 'n tjekrekening en teken die rente ontvang (RNT) ('INT') op 30/12/15 aan.
- Die direkte deposito, DDEP65, is 'n bedrag ontvang van Scooter Town vir die betaling van hul rekening.

Kopiereg voorbehou

3.2 Die volgende joernaalbewyse is in Desember 2015 uitgereik. Die laaste bewysnommer is 21.

Teken die transaksies in die toepaslike joernale aan.

Urban

JOERNAALBEWYS 30

DATUM: 31/12/15

Bereken en teken waardevermindering op toerusting aan teen 10% per jaar op kosprys.

(7)

Urban

JOERNAALBEWYS 30

DATUM: 31/12/15

Scooter Town, 'n kliënt, is insolvent verklaar. Skryf sy skuld as onverhaalbaar af.

(5)

3.3 BYKOMENDE DRUKSTUK GEVRA

- Druk die inkomstestaat vir Desember 2015. (5)

DRUKSTUKKE WAT INGEDIEN MOET WORD OM NAGESIEN TE WORD (in die volgende volgorde):

1. Kontantontvangstejoernaal (na bankrekonsiliasie)
2. Kontantbetalingsjoernaal (na bankrekonsiliasie)
3. Bankrekonsiliasie
4. Joernaal/Joernale gebruik om aanpassings aan te teken
5. Inkomstestaat

Kopiereg voorbehou

BEANTWOORD HIERDIE VRAAG OP DIE ANTWOORDBLAAIE (AANGEHEG).

3.4 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

3.4.1 Is BTW 'n direkte of indirekte belasting? (1)

3.4.2 Noem TWEE kategorieë items waarop BTW nul sal wees.

LET WEL: MOENIE voorbeelde van hierdie items gee nie. (2 × 2) (4)

3.4.3 Dui aan of die transaksies hier onder inset-BTW of uitset-BTW sal affekteer. Skryf slegs 'Inset' of 'Uitset' langs die vraagnommer (a–e) op die ANTWOORDBLAD neer.

(a) Voorraad ('Inventory') verkoop
(b) Nuwe skootrekenaar aangekoop
(c) Voorraad aangekoop
(d) Kredietbewys uitgereik
(e) Debietbewys uitgereik

(5 × 1) (5)
[60]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 200

NCNV

Kopiereg voorbehou

BYLAE

BTW-TOEPASLIKHEID OP INKOMSTE- EN UITGAWE-ITEMS

	Word BTW gehef?		**Inset-BTW aftrekbaar**	
	JA	**NEE**	**JA**	**NEE**
Lugtyd	X		X	
Reklame	X		X	
Bankkoste				
Kontanthanteringsheffing	X		X	
Maandelikse administrasiefooi	X		X	
Kommissie ontvang	X		X	
Korting toegelaat	X		X	
Korting ontvang	X		X	
Elektrisiteit	X		X	
Rente op tjekrekening		X		
Rente op verband		X		
Rente ontvang		X		
Regsfooie	X		X	
Rente op eiendom		X		
Rente ontvang	X		X	
Herstelwerk en onderhoud	X			
Salarisse en lone		X		
Skryfbehoeftes	X		X	
Telefoon	X		X	

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

ANTWOORDBLAAIE

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 4

28 NOVEMBER 2018

VRAE	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDGIDS TYDGIDS
AFDELING A			
1	Kort, teoretiese vrae	20	18 minute
AFDELING B			
2	Praktiese vraag oor rekeningkundesagteware	120	1 uur 48 minute
AFDELING C			
3	Praktiese vraag oor rekeningkundesagteware en kort, teoretiese vrae	60	54 minute
	TOTAAL	200	3 uur

PERSENTASIE BEHAAL:

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER

SENTRUMNOMMER:

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1

1.1.2

1.1.3

1.1.4

1.1.5

1.1.6

1.1.7

1.1.8

1.1.9

1.1.10

(10 × 1) (10)

1.2

(5 × 1) (5)

EKSAMENNOMMER

:

Tel: 031 922 1800
Faks: 086 651 1800

Datum: 4 Februarie 2016

(2)

1.4 (2)

1.5 (1)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING C

VRAAG 3

3.4 3.4.1 (1)

3.4.2 (2 × 2) (4)

3.4.3 (a)

(b)

(c)

(d)

(e)

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou